BELASTINGSEISOEN 2018 VIR INDIVIDUE

Belastingseisoen 2018

Die 2018 Belastingseisoen vir individue is oop vanaf 1 Julie 2018 vir eFilers en ons takke is oop om jou te help vanaf 2 Julie 2018.

Wat is die sperdatums?

Die sperdatum vir nie-voorlopige belastingpligtiges is vervroeg om meer tyd toe te laat vir die finalisering van oudits voor die einde van die jaar:

Kanaal	Sperdatum	Soort belastingpligtige
Per hand - per pos of by 'n SARS-tak	21 September 2018	Nie-voorlopige en voorlopige
eFiling of elektroniese indiening by 'n SARS-tak	31 Oktober 2018	Nie-voorlopige
eFiling	31 Januarie 2019	Voorlopige
Om die belangrike Belastingseisoen 2018 datums direk in jou kalender af te laai, klik hier.		

Wenke vir die indiening van jou belastingopgawe

Moenie 'n opgawe indien as dit nie nodig is nie

Jy hoef nie 'n opgawe in te dien, indien AL die onderstaande kriteria op jou van toepassing is nie:

- Jou totale besoldiging/salaris vir die jaar (Maart 2017 tot Februarie 2018), voor belasting (bruto inkomste), nie meer as R350 000 was nie; en
- Jy besoldiging/salaris, vir die volle jaar van aanslag (Maart 2017 tot Februarie 2018), slegs van een werkgewer ontvang het; en
- Jy het geen kartoelaag/maatskappy motor/reistoelaag of ander inkomste (bv. rente of huurinkomste) nie; en
- Jy het geen belastingverwante aftrekkings/kortings (bv. mediese uitgawes, uittree-annuïteitsbydraes, buiten pensioenbydraes deur jou werkgewer gemaak, reisonkoste) om te eis nie.

Indien jy steeds onseker is of jy 'n belastingopgawe moet indien, klik hier.

Top wenk: Indien jy jou identiteitsnommer en belastingnommer byderhand het, kan jy ook die SARS-kontaksentrum skakel by 0800 00 7277; druk 3 (vir belastingverwante navrae) en druk dan 1 om uit te vind of jy vereis is om 'n inkomstebelastingopgawe (ITR12) vir hierdie belastingseisoen in te dien.

Hoe om jou eFiling intekenbesonderhede te herwin en jou wagwoord te oor te stel

Twee maniere om dit te doen:

1. Gaan na SARS eFiling, klik die groen *LOGIN*-knoppie en volg die aanwysings.
   Het jy beide jou intekennaam en wagwoord vergeet? Voltooi eers die *I forgot my login name* proses > wag vir jou e-pos of SMS kennisgewing wat jou intekennaam bevat > gebruik hierdie intekennaam om die *I forgot my password* proses te voltooi.
2. Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277 gedurende kantoorure. Hou jou ID-nommer en belastingverwysingsnommer byderhand. Kies opsie 0 vanaf die dienskieslys en volg die aanwysings. Jou nuwe wagwoord sal per e-pos of SMS aan jou gestuur word.

Registreer vir eFiling

Jy moet 'n geregistreerde belastingpligtige met 'n belastingverwysingsnommer wees om vir eFiling te kan registreer.

Gaan na SARS eFiling > klik *Register* > volg die 7 maklike stappe.

Onthou, SARS kan tot 48 uur nodig hê om jou registrasie te verifieer en goed te keur, voordat jy kan eFile.

Indien jy nodig het om dokumente vir jou registrasie in te dien, het jy 21 werksdae om dit te doen.

Benodig jy hulp met eFiling?

Met Help-You-eFile is hulp slegs 'n klik of oproep ver. Klik die Help-You-eFile ikoon, aanvaar die terme en voorwaardes en kies dan Call Me. 'n SARS-agent sal jou skakel en jou stap-vir-stap bystaan terwyl jy eFile (hierdie diens is slegs gedurende kantoorure beskikbaar).

Benodig jy jou belastingverwysingsnommer?

- Kry dit op eFiling indien jy as eFiler geregistreer is. Teken eenvoudig aan en vind jou nommer op die *Income Tax Work Page*.
- Versoek dit vanaf die SARS-kontaksentrum. Hou jou ID-nommer byderhand, want ons sal moet verifieer wie jy is.
- Vra jou werkgewer daarvoor.
- Besoek jou naaste SARS-tak. Neem asseblief jou ID saam.
- Kry dit op die Kennisgewing van Registrasie wat jy vanaf SARS ontvang het.

Top wenk: SARS sal nie jou belastingnommer aan 'n ander persoon verskaf nie, tensy die persoon jou belastingpraktisyn is, of volmag het om jou belastingsake te hanteer.

Wie is 'n voorlopige belastingpligtige?

Enige persoon wat inkomste verdien (of aan wie inkomste toeval), buiten 'n salaris, is 'n voorlopige belastingpligtige. Meeste salaristrekkers is daarom nie-voorlopige belastingpligtiges, indien hulle geen ander bronne van inkomste het nie. Dit is belangrik om kennis te neem dat, die ontvang van vrygestelde inkomste, soos volg, nie van jou 'n voorlopige belastingpligtige maak nie:

- Indien jy rente ontvang van minder as R23 800 en jy jonger as 65 is; of
- Indien jy rente ontvang van minder as R34 500 en jy 65 en ouer is; of
- Indien jy inkomste in 'n belastingvrye spaarrekening het.

Stawende Dokumente

Hou jou stawende dokumente byderhand wanneer jy jou opgawe voltooi. Jy kan dalk nodig hê om na sommige van die stawende dokumente te verwys, lees meer.

Benodig jy hulp?

- Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277.
    - Moenie in die kontaksentrum tou aanhou nie - gebruik die *Call Back*-opsie en 'n SARS-agent sal jou terugskakel. Die *Call Back*-opsie sal aan jou gebied word na jy vir 'n bepaalde tydperk in die tou was. Jy sal vir bepaalde persoonlike inligting gevra word, insluitend 'n nommer waarop jy teruggeskakel kan word. Wanneer die *Call Back* suksesvol aangebied is, sal 'n tou-nommer vir jou bespreek word en jy kan die oproep beëindig en wag vir 'n vriendelike SARS-agent om jou terug te skakel. Vir Belastingseisoen 2018, is die terugskakel-funksie beskikbaar gedurende SARS-kontaksentrum ure, Maandae tot Vrydae, tussen 08:00 en 18:00.
    - Laat 'n vriendelike SARS-kontaksentrumagent jou bystaan terwyl jy eFile deur die gebruik van Help-You-eFile.

- Besoek jou naaste SARS-tak.

- Jy kan ook een van belastingwerkswinkels bewoon of besoek jou naaste SARS mobiele eenheid.

- Indien jy jou wagwoord vergeet het, kan jy dit oorstel deur die SARS-kontaksentrum te skakel en 'n eenvoudige proses te volg. Verwys na ons eenvoudige selfdiensproses.

Vir 'n opsomming van Belastingseisoen 2018 hoogtepunte, verwys na die dokumente hieronder:

- Pocket Guide: Your No Sweat guide to Tax Season 2018
- Pocket Guide: eFiling for Individuals
- Service CharterDienshandves
- Tax Rates